



21 September 2026

Ons het die einde van 'n baie besige, maar suksesvolle derde kwartaal bereik. Dit was 'n kwartaal vol harde werk, besondere prestasies en baie hoogtepunte. Ons deel graag van hierdie spesiale oomblikke met julle in hierdie uitgawe van ons nuusbrieff.

Hierdie kwartaal was gevul met wonderlike hoogtepunte op die gebied van sport, kultuur en akademie. Ons is ongelooflik trots op elke leerder wat deelgeneem het en hul beste gelewer het. In hierdie nuusbrieff lig ons slegs 'n paar van die besondere prestasies uit, maar elke prestasie, groot of klein, maak ons trots.

KRIEKET

Baie geluk aan die volgende leerders met hulle insluiting in verskeie streek- en uitnodigingspanne. In die o.9-Sedibeng Uitnodigingspan is Jan-Hendrik Kloppers, Collin Heaven en Kyle-Dehan van Staden opgeneem, terwyl Zaiden Barkley die o.11-Sedibengspan gehaal het. Kyle Jacobs is ingesluit in die o.11 South Area Invitational-span en Markus van der Berg in die o.12-Sedibengspan. By die o.13's is Johanru Fourie en Russel Langa in die Sedibengspan opgeneem, terwyl Danelle Dreyer haar plek in die o.13-JHB South-span verdien het. Baie geluk aan elkeen van julle met hierdie besondere prestasie - ons is baie trots op julle!

LANDLOOP

Wat 'n fantastiese prestasie! Emma de Clercq en Franna van der Westhuizen het deurgedring na die SA-Landlooptkampionskappe. Julle het behoorlik julle tekkies laat praat! Ons is ongelooflik trots op julle en wens julle alles van die beste toe vir hierdie groot geleentheid wat plaasvind op 3 Oktober 2026.

HOKKIE

Baie geluk aan ons o.11A-hokkiedogters wat as ligawenners gekroon is! Ons is ook baie trots op ons 1ste span seuns, 1ste span dogters en 2de span dogters wat elkeen 'n uitstekende 3de plek in hul onderskeie ligas behaal het. Ons wag tans nog op die formele uitslae van ons o.11-seuns en sal dit deel sodra dit ontvang is.

PERSONEEL

Baie geluk aan Juffrou Ashley de Paiva Smit met die geboorte van haar pragtige dogtertjie! Ons wens haar en haar gesin baie liefde, vreugde en kosbare oomblikke saam met hulle nuwe bondeltjie geluk toe.

KOEKELOERDAG

Op 10 Oktober vanaf 09:00 tot 10:00 bied ons 'n geleentheid aan vir nuwe belangstellende ouers wat nog nie hul kinders vir 2027 by Laerskool Kollegepark ingeskryf het nie. Die geleentheid is spesifiek gerig op voornemende Graad RR- en Graad R-leerders en hul ouers. Kom maak gerus kennis met ons skool en ontdek wat Laerskool Kollegepark vir u kind kan bied.



GRAAD RR-EN R-INSKRYWINGS 2027

Ons Graad RR- en Graad R-inskrywings vir 2027 is reeds oop. Ons moedig alle ouers aan om hulle kinders so gou moontlik te registreer om hulle plek by Laerskool Kollegepark te verseker. Plekke is beperk, daarom is dit belangrik om betyds aansoek te doen en seker te maak dat alle nodige registrasiedokumente ingedien is. Ons sien daarna uit om ons nuwe maatjies en hul gesinne by ons skoolgemeenskap te verwelkom!

BEGROTINGSVERGADERING

Ons wil alle ouers vriendelik in kennis stel van ons belangrike begrotingsvergadering wat op **26 Oktober om 18:00** in die skoolsaal gehou sal word. Ouers se teenwoordigheid en betrokkenheid is van groot belang, aangesien belangrike sake rakende die skool se begroting bespreek sal word. Ons doen daarom 'n ernstige beroep op alle ouers om die vergadering by te woon en deel te wees van hierdie belangrike prosesse.

SKRYFBEHOEFTEPAKKETTE

Skryfbehoeftepakette vir 2027 kan aanlyn bestel word by www.deansstationary.co.za. Die volledige skryfbehoeftelyste vir elke graad is ook op die skool se webtuiste beskikbaar. Neem asseblief kennis dat geen skryfbehoeftepakette by die skool beskikbaar sal wees nie. Ons moedig ouers aan om betyds die nodige skryfbehoeftes aan te koop sodat leerders goed voorbereid vir die nuwe skooljaar kan wees.

RAPPORTE

Leerders se rapporte sal op **Dinsdag 22 September** aan die einde van die skooldag uitgedeel word. Neem asseblief kennis dat geen rapporte vroeër gedurende die dag beskikbaar gestel of uitgedeel sal word nie. Ons vra ouers se samewerking in hierdie verband en vertrou dat alle rapporte volgens die vasgestelde reëling ontvang sal word.

DANKIE

Ons wil graag ons opregte dank uitspreek teenoor elke ouer wat ons deur die jaar met ons verskeie fondsinsamelingsprojekte ondersteun het. Julle betrokkenheid, bydraes en getroue ondersteuning word opreg waardeer en het 'n groot rol gespeel in die sukses van elke projek. Danksy ons ouergemeenskap kon ons elke fondsinsameling met groot sukses aanpak en voltooi. Baie dankie dat julle telkens saam met ons hande vat en 'n verskil maak.

Baie dankie aan al ons ouers wat deur die jaar getrou hul skoolfondsverpligtinge nagekom het. Julle ondersteuning en stiptelike betalings word opreg waardeer en dra by tot die goeie funksionering en ontwikkeling van ons skool. Ons wil terselfdertyd ouers wat nog uitstaande bedrae het, vriendelik herinner om hul skoolfonds so spoedig moontlik op datum te bring. Julle samewerking in hierdie verband word opreg waardeer.

Ons wens al ons leerders, ouers en personeel 'n heerlike en welverdiende vakansie toe. Geniet die rustyd en kom veilig terug. Die skool heropen op Dinsdag 6 Oktober 2026, en ons sien daarna uit om almal weer terug te verwelkom!

Kollegepark-groete

MNR. C.F. HERBST



KOLLEGE PARK
GOLF DAY
2026

9 October 2026

Betterball Scramble Drive
2 Longest Drives
2 Nearest to the Pin

R2000 per 4-ball
HALFWAY INCLUDED

Hole Sponsors R1500

Heron Banks

Shotgun start: 11:00

Remember to book your own cart at Heron Banks.

FOR MORE INFORMATION

Henco 083 454 9559 | Werner 066 216 9873



LAERSKOOL KOLLEGE PARK
Koekeloerdag

Kom loer gerus in!

10 Oktober 2026

Tyd: 09:00 - 10:00

Nuwe belangstellende ouers vir 2027: Gr.R en Gr.RR.

Hoekom Kollegepark?

- ✓ Afrikaanssprekende skool
- ✓ Christelike waardes
- ✓ Naskoolfasiliteite

Die skool vir jou!

WELCOME TO MB ACCOUNTING

Welcome to MB Accounting & Tax Services! Based in Pretoria, we provide tailored accounting solutions to businesses across South Africa.

Accounting & Tax Services:

- Full bookkeeping and accounting functions
- VAT calculations and returns
- Compilation of financial statements
- Income and Provisional Tax
- Personal Income Tax
- Tax Directives

Payroll Services:

- Monthly processing of payroll
- Return submissions to SARS
- Compensation Commissioner
- Annual & Bi-annual IRP5 reconciliations and returns to SARS

Corporate Registration:

- Company Registrations
- VAT & PAYE Registrations
- Tax Clearance Certificates
- BBBEE Certificate
- Beneficial Ownership Certificate - CIPC

Licensed Independent Reviewer:

- Independent Reviews

082 497 9488
bertina@mbaccountingtax.co.za
www.mbaccountingtax.co.za

OUR SERVICES



SPI 425

(PTY) LTD

STEEL FABRICATION | MINING | CONSTRUCTION

STEEL FABRICATION | MINING | CONSTRUCTION

A dynamic and independent steel fabrication company committed to delivering quality solutions for the mining and construction industries.

POWERING MINING PERFORMANCE

Maintenance & Manufacturing
for Commodity Processing Plants

*Keep Your Operations Running.
Efficiently. Reliably. Profitably.*

OUR SERVICES



Plant Maintenance & Repairs

Preventative | Scheduled | Emergency



Custom Fabrication & Manufacturing

Steel structures | Components | Wear parts



Refurbishment & Upgrades

Extend equipment life | Improve efficiency



Installation & Commissioning

Safe | On time | To specification



OUR SECTORS



Gold &
Precious Metals



Coal
Processing



Aggregate &
Quarry Operations



Mineral Sands &
Base Metals

WHY CHOOSE SPI 425?



Experienced engineering & technical team



Quality materials & workmanship



Fast turnaround



Safety-first approach



Cost-effective solutions

**ENGINEERED FOR PERFORMANCE.
BUILT FOR MINING.**



Vanderbijlpark,
Gauteng.



071 685 5959



086 635 2691



markus@spi425.co.za
bertina@spi425.co.za



TRI DRAGONS
MARTIAL ARTS STUDIO

@ 9 PRESIDENT BOSHOFF ST APF HALL UPPER FLOOR SE1 VANDERBIJLPARK

PRESENTING:

TRI DRAGON
MARTIAL ARTS

PERSONAL TRAINING
1 ON 1 SESSIONS

YOUR GOALS. MY FOCUS.
MAXIMUM RESULTS.

SPECIALISING IN:

- FITNESS & CONDITIONING
- SELF DEFENCE
- MMA
- MUAY THAI
- KICKBOXING
- BOXING
- STRENGTH & TONING
- KIDDIES KICKBOXING 4 - 15 y
- KIDDIES SELF DEFENCE 4 - 15 y

Coach BRANDIN FOURIE
061 449 5356

PROFESSIONAL WORLD KICKBOXING CHAMPION & PRO MMA VETERAN FIGHTER

- ✓ PRO MMA VETERAN FIGHTER
- ✓ 6TH DEGREE BLACK BELT KICKBOXING
- ✓ KRAV MAGA INSTRUCTOR
- ✓ MUAY THAI INSTRUCTOR
- ✓ BOXING INSTRUCTOR
- ✓ MMA FIGHTER
- ✓ SUBMISSION SPECIALIST
- ✓ GRAPPLING COACH

DISCIPLINE BUILDS FREEDOM

DISCIPLINE | FITNESS | SELF DEFENCE | A STRONGER YOU

SAME PASSION. SAME COMMUNITY. MORE POSSIBILITIES.

TRAIN LEARN GROW BELONG

TRIBE ATHLETIC

COACH NICK
+27 84 606 4047

WHAT I OFFER:

- FITNESS & CONDITIONING
- BOXING
- GROUP TRAINING
- STRENGTH & TONING
- X FIT
- 1 ON 1 PERSONAL TRAINING

STRONGER | FITTER | TOGETHER

IVUSHKA'S FITNESS
TRAIN • TRANSFORM • THRIVE

Coach ANUSHKA
+27 61 930 2615

WHAT I OFFER:

- FITNESS & CONDITIONING
- STRENGTH & TONING
- TRAMPOLINE FITNESS
- WEIGHT LOSS

COMING SOON: PILATES

GROUP TRAINING AND 1 ON 1 PERSONAL TRAINING

ALL FITNESS LEVELS • ALL AGES 3+

We will collect your appliance, quote, repair & deliver back to you

Washing Machines,
Dishwashers,
Tumble dryers
Fridges, freezers
microwaves
Stoves,
Ice Machines
Camp fridges

Call Now!

Bergen's & Co.™
Appliance
Repairs & Spares
"We keep them working"

Vanderbijlpark
132 Rossini Blvd, SW2
vanderbijl@bergens.co.za

016 512-0985
078 960 6467